

Waarom los U my alleen?

Psalm 22:1-22

Inleiding

- Hoekom voel God soms so vêr ...en die plafon so naby?
 - Asof jy onder soveel druk is dat jy uitmekaar begin val
 - en dit voel nie of God omgee nie?
 - Ek en jy ken dit...
- “My God, my God, waarom het U my verlaat!”
 - Dis wat Dawid ook besluit het om een van sy liedere mee te begin.
- Hierdie Ou Testament Koning van Israel
 - word in Handeling 2:30 beskryf as profeet
 - wat in sy liedere eggo's gegee het van die toekoms (vgl. Hand 2:30)
- Die ooreenkomste van hierdie psalm
 - met die gebeure van Jesus se kruisiging
 - kan eenvoudig nie weg verduidelik word nie.
- Wanneer Jesus self aan die kruis hang
 - in daardie krisis van sy eie dood en uitroep ‘waarom’
 - - wil Hy ons met die waarom-vraag terug ruk na hierdie psalm vir die antwoord.
- Dis soos jou kind wat vra wie alles gemaak het
 - en jy begin met: “Daar’s vissies in die water, kyk hoe swem hul rond...”
 - en sy sing dan die liedjie self verder en kom by die antwoord op die einde:

- “Wie sou dit als gemaak het – die Here ja dis Hy.”
- Sien... Jesus se woorde “My God, my God, waarom het U my verlaat?
 - Was nooit ‘n vraag nie.
 - Deur die eerste sin van hierdie Psalm aan te haal
 - was dit ‘n baie slim manier om soos weerlig
 - die res van die psalm se inhoud
 - deur die koppe van die luisterende Jode te laat skiet.
 - Want hulle het die psalms baie goed geken.
- Dit was Jesus se manier om die *antwoord* te gee
 - op die vraag oor sy dood...
 - ...en die rol van pyn/lyding en dood in ons eie lewens.
- Kom ons ontdek hierdie antwoord
 - deur die vloei van Psalm 22 oop te vou
 - soos wat dit deur die koppe van die luisterende Jode moes skiet:
- Soos met onself is daar
 - eers die probleem.
 - Dan die rede hoekom ons na God gaan vir hulp...
 - ...en dan ‘n beskrywing van ons pyn.
 - Maar die oomblik wat moet kom
 - ...is die plek van totale oorgawe.

Probleem [v2,3]

²*My God, my God, waarom het U my verlaat
en bly U ver as ek om hulp roep?*

³*My God, ek roep bedags en U antwoord nie,*

ook snags, maar ek kry geen rus nie.

- Die onderwyser raas en dreig om almal te straf.
 - Niemand kan help nie.
- Jou man koester jou nie.
 - Jy voel weerloos.
- Jou geld is skraps en jou werk kwesbaar.
 - Jy is baie kwesbaar.
- Jou siekte kom steel jou lewe.
 - Jy is magteloos.
- Die probleem: weerloos, kwesbaar, magteloos.
 - Jy kan dit nie beheer nie.
- Hoekom los God jou alleen?

Die verwagting [v4-6]

- Ons voel dan teleurgestel in God.
 - Vers 4-6 verduidelik hoekom.
- *⁴U is tog die Heilige wat woon waar die lofsange van Israel weerklink! ⁵Op U het ons voorvaders vertrou. Hulle het vertrou en U het hulle gered. ⁶Hulle het na U om hulp geroep en hulle is bevry; op U het hulle vertrou en hulle is nie beskaam nie.*
- Hy het mos iets anders belowe deur sy verbond met Abraham, Isak en Jakob.
 - Hulle het hom vertrou en is gehelp.
 - Maar die werklikheid wat in my lewe aangaan is iets anders:

Die werklikheid [v7-12]

⁷Maar ek is 'n wurm, nie 'n mens nie. Ek word deur die mense bespot en deur die volk verag.

⁸Almal wat my sien, spot my, hulle steek vir my tong uit en knik met voldoening die kop en sê:

⁹“Laat dit aan die Here oor! Laat Hy hom red, laat Hy hom bevry as Hy dan so baie van hom hou.”

¹⁰U het my die eerste lewenslig laat sien, my veilig laat rus aan die bors van my moeder.

¹¹Van my geboorte af is ek onder u sorg, van die begin van my lewe af is U my God.

¹²Moet tog nie so ver van my af weg bly nie, want die nood is naby en daar is niemand wat help nie.

- In plaas van 'n spesiale mens in God se hande
 - voel ek eerder na niks ...soos 'n pap slymerige wurm.
 - Word gespot en geterg... selfs oor God.
 - Die einste God wat my hierdie lewe gegee het en vir my moes sorg.
- Hierdie uiters verlate plek maak ons emosioneel op.

Die emosies [v13-17]

¹³'n Wreeddaardige klomp mense het my omsingel, soos beeste uit Basan staan hulle my toe.

¹⁴Soos verskeurende, brullende leeus storm hulle met oop bekke op my af.

¹⁵Ek is soos uitgestorte water, al my bene het uitmekaar geval, my hart het soos was geword, dit smelt weg in my.

¹⁶Ek is so min werd soos 'n potskerf, my tong kleef aan my verhemelte, U laat lê my asof ek dood is.

¹⁷Soos honde omsingel hulle my, die bende misdadigers sak op my toe, hulle pen my hande en voete vas.

Dis hoe ons soms voel:

- 'n Plas water op die grond wat nie bymekaargemaak kan word nie
 - 'n deurmekaar hopie geraamte bene.
 - 'n Gesmelte hart soos 'n kers in die son.
 - 'n Stuk pot-splinter eenkant geskiet na die val.
 - Sterwend van dors.
 - Dood aan my binnekant.
 - Omsingel. Gevang. Vasgepen.
-
- Emosioneel dood.

En die emosies staan op werklikheid – dis nie net persepsies nie!

¹⁸Al wat been in my is, kan ek tel; hulle kyk na my met leedvermaak.

¹⁹Hulle verdeel my klere onder mekaar en trek lootjies oor my mantel.

- Dis 'n klipharde situasie wat my verpletter los.
- Ek kan nie meer iets anders as totaal oorgee nie.
 - Soos iemand wat los en maar net begin val...

Die oorgawe

- Here... red my. Vat my. Neem my.

20En U, Here- moet tog nie so ver bly nie, Bron van my krag, help my tog gou!

21Red my van die swaard, my kosbare lewe uit die mag van die honde.

22Red my uit die bek van die leeu

- Al is die swaard, hond en leeu naby...
 - ...is U alleen nou die bron van vermoë.
- En ek gee nou my lewe in U hande...
 - my situasie
 - my weerloosheid
 - my kwesbaarheid
 - my magteloosheid
- Hier, Verbondsgod wat Uself aan my kom vasbind het.
 - Ek gee oor.
 - Vat asseblief oor.

...en tussen die horings van die wilde beeste uithet u my 'geantwoord'!

Verklaring

- Wat wil Jesus in pyn en alleenheid aan die kruis
 - vir jou sê oor pyn en lyding
 - as Hy ons na Psalm 22 toe ruk?
- Hier is die antwoord:
 - Dis in die hartjie van die dood wat die lewe eers begin.

- Die pad van lyding en dood is nie net hoe Jesus self die mag van sonde en dood breek nie.
 - Dis ook wanneer ek in myself doodgaan en beheer oorgee,
 - dat ek begin lewe.
 - My probleme stroop my kaal,
 - sodat ek met net Hom bekleed kan word.
 - Dit maak ons dood vir ons eie wil
 - sodat sy wil in ons kan begin opstaan.
- Dis eers dan wat ek in ware verbintenis met God lewe.
 - In die Verbond.
 - Oorgegee.
- Die stamvaders, Abraham, Isak en Jakob het inderdaad vertrou en is gered soos v4+5 sê,
 - maar hulle is gelouter na hierdie plek toe
 - waar hulle gestroop was van hulleself
 - en weer tot God se beskikking
 - om te werk vir die koms van sy Koninkryk
 - en nie hulle eie nie.
- Jesus se dood was 'n betaling vir ons sonde om eendag ewig te lewe.
 - Maar nie net dit nie...
- Dit was ook 'n model /patroon / padkaart dat
 - in die hartjie van ons eie lyding en magtelose oorgawe aan Hom as die Bron van ons krag,
 - die lewe eers werklik begin.

Slot

- “My God, my God, waarom los U Jesus alleen?”:
 - Sodat sy dood lewe kan bring.
- Waarom is ek soms alleen:
 - Sodat jy daardie lewe in Hom, deur Hom en vir Hom kan ontdek.
- Dis in die hartjie van ons dood wat ons lewe eers begin.
- Opstanding Sondag vou ons die tweede deel van die Psalm oop
 - en sien wat Jesus ons daaruit wil leer oor hierdie nuwe lewe.

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
3 April 2015
Goeie Vrydag